**Ek is die brood van die lewe**

**Joh 6:25-40**

**11 Mei 2025**

1. Vantevore: Twee tekens van die Here Jesus: (1) Vermeerdering van die brood – in ‘n krisis kan ons vertrou dat die Here sal voorsien – selfs op bonatuurlike wyse (2) Die Here Jesus loop op water – die Here sal voorsien – selfs op bonatuurlike wyse. Die Here toets verskillende mense op verskillende maniere waaruit ons moet leer.
2. Hart van die Here Jesus se lering: “Ek is die brood van die lewe” (Joh 6:35)
    a. Eerste van 7 “Ek is”-uitsprake in Johannes-evangelie
    b. Gryp terug na Eks 3:14: “Ek is Wie Ek is” – dus Jesus is God
3. Die mens se diepste nood (Joh 6:25-28)
    a. Jesus ontwyk die skare se vraag oor wanneer Hy in Kapernaum gekom het (v25)
    b. Hy wys aan hulle hulle nood (v26):
        - Hulle soek Hom nie oor Sy tekens nie (vgl Joh 6:2), maar om brood te kry
        - Brood = basiese behoefte, universeel
    c. Die Here Jesus leer hulle het ‘n nog meer basiese behoefte – geestelike behoefte aan ewige lewe (v27)
4. Die Here se grootste Voorsiening vir hierdie diepste nood (Joh 6:27-35)
    a. Dit is die Seun van die Mens wat brood gee wat nie vergaan nie (v27)
    b. Die Joodse skare wil nog ‘n teken hê wat bevestig wat Hy sê (v30-31)
    c. Manna vs vermeerderde brood vs ware brood (v31-33):
        - Manna en vermeerderde brood is fisiese brood, uit hemel (bonatuurlik), deur Vader gegee, voed die OT volk/die skare, tydelik
        - Ware brood deur die Vader gegee, uit die hemel, is ‘n Persoon, wat ewige lewe gee aan die wêreld
    d. Jesus sê: “Ek is die brood van die lewe” (v35)
    e. Hoe kan ons seker wees? Want God die Vader het Sy seël op Hom geplaas (v27)
        - Herhaaldelik bevestig deur verskeie getuienisse
5. Die eenvoudigste respons wat nodig is om die grootste Voorsiening te ontvang (Joh 6:28-39)
    a. Die skare wil weet: “Wat moet ons doen?” (v28)
        - Tipiese reaksie van die mens: ons wil bydrae maak
    b. Die Here Jesus se perspektief:
        - Glo in die Een wat God gestuur het (v29)
        - Kom na My toe en glo in My (v35)
        - Al is dit eenvoudig, nogtans kan die mens dit nie doen nie (v36, vgl Nikodemus, Joh 3)
        - Die Vader moet eers iemand vir die Seun gee (dit is: uitverkiesing) (v37)
    c. Dit alles geskied volgens die wil van die Vader – al die eer behoort aan Hom
6. Die verreikendste bevrediging wat die grootste Voorsiening bring (Joh 6:35-40)
    a. Die brood van die lewe voed tot in die ewige lewe in (v27)
    b. Die Here Jesus sal nooit iemand verstoot of verloor wat die Vader aan Hom gegee het nie (v37-38)
    c. As iemand van die brood van die lewe geëet het, sal die Here Jesus hom op die laaste dag laat opstaan (v39-40)